Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# Die O.B.

Jrg. 10. Kaapstad, 7 November 1951. Prys 3d. Nr. 49.

# BESLUIT VAN GROOTRAAD UITEENGESIT

## Verydelende Partystryd Sal Beëindig Word

**Die Ossewabrandwag het ontwikkel op die twee bene van ons vryheidsideaal — volkome onafhanklikheid na buite en die vervanging van die Britse partystelsel deur 'n eie Afrikaanse staatselsel na binne, en aangesien nie een van hierdie twee oogmerke al bereik is nie, en die partypolitiek nie alleen getoon het dat hy telkemaal van koers af raak nie, maar self erken dat die bereiking van hierdie ideaal buitekant die partypolitiek sal moet geskied, is dit noodsaaklik dat die Ossewabrandwag voortbestaan. Dit is sy taak om die praktiese stappe te doen wat die weg sal baan na ons bestemming, en die eerste praktiese stap is so pas deur die Grootraad in Bloemfontein gedoen toe besluit is op die skepping van 'n breë front wat hom sal beywer vir staatshervorming, het mnr. N. G. S. van der Walt, redakteur van Die O.B., verlede Donderdagaand op Stellenbosch gesê toe hy die toekomsbeleid van die Ossewabrandwag uiteengesit het.**

**Onder voorsitterskap van die generaal, mnr. W. R. Laubscher, is verslag gedoen van die Grootraadsittings en die ander sprekers was mev. J. Hugo en mnr. Hennie du Toit (hoofkomdt.). Mnr. Jan de Waal het met gebed geopen en dr. S. J. Pretorius het die sprekers aan die einde van die verrigtinge bedank. „Die inhoud van ons toekomstige republiek is vir my nog van groter belang as die verbreking van die Britse konneksie self," het dr. Pretorius beklemtoon.**

Mnr. Van der Walt het hom hoofsaaklik bepaal by die besluit van die Grootraad wat lui dat dit die taak van die Ossewabrandwag is om die voorbereidende stappe te doen ter bereiking van ons ideaal, onder meer deur die skepping van 'n front so breed as moontlik van groepe en persone wat bereid is om die partystelsel te verwerp reeds vir die huidige Suid-Afrikaanse staat. **Dit beteken dat die Ossewabrandwag sy rug op die partypolitiek gedraai het en dat lede nie weer gevra sal word om by 'n party aan te sluit of nie aan te sluit nie, of om te stem of nie te stem nie. Elkeen is vry om ten opsigte hiervan te doen wat hy wil, het spreker gesê. Maar die taak van die O.B. is om hom te beywer vir die afskaffing van die partystelsel, en hoewel sy leiers in hul persoonlike hoedanigheid op partypolitieke gebied kan handel na goeddunke, is dit hulle spesifieke taak op O.B.-gebied om hierdie front in die lewe te roep en alle kragte vir die nodige staatshervorming te mobiliseer.**

### TWEE OOGMERKE

Om hierdie besluit te verstaan, is dit nodig om terug te gaan op ons volksverlede, het spreker gesê. Daar was nog voor die koms van die Britte al 'n drang by ons volk na selfverwesenliking wat hom geuit het in die verbreking van **buitelandse** konneksies (bv. die stigting van Republieke van Swellendam en Graaff-Reinet) enersyds en die skepping van 'n eie **Afrikaanse atmosfeer** deur middel van volkseie stelsels — nie net staatkundig nie, maar ook op ander gebiede van die lewe soos byvoorbeeld onderwys. **Hierdie strewe het uiteindelik uitgeloop op die Boererepublieke van Transvaal en Vrystaat waarin daar so 'n eie atmosfeer (of dampkring) geheers het dat uitlanders baie gou verafrikaans het — in teenstelling met die teenswoordige toestand waar selfs taalverwante immigrante verengels omdat die stelsels, en dus die atmosfeer binne ons staat Brits is.**

### VERBRITSING NA 1906

Na 1902 is die stryd aanvanklik voortgesit onder manne soos genl. Botha wat nog in 1904 verklaar het dat 'n wurm hom krul as daar op hom getrap word, en waarom sal die Afrikaner dan stil lê? Maar twee dinge het genl. Botha se verset gebreek — **die skenking van Britse vryheid in 1906 en die invoering van die Britse partystelsel wat daarmee gepaard gegaan het as 'n uitdruklike voorwaarde vir selfbestuur. Hierdie twee faktore het gesamentlik gewerk in die rigting van verbritsing van ons volkslewe, sodat genl. Hertzog uiteindelik in 1912 moes uitspring om weer die nasionale koers aan te dui. Hy kon dit nie binne die bestaande party regkry nie — daarvoor was die proses te sterk.** In 1920 is hierdie proses van verbritsing by die oorspronklike Afrikaanse party, die S.A.P., voltooi toe hy met die Unionistiese opposisie saamgesmelt het. Kort daarna het die Nasionale Party aan bewind gekom, maar 'n verdere dosis Britse vryheid in 1926 het al dadelik weer Nasionale leiers laat praat van Engeland as „die moeder van ons vryheid" en die republikeine is in die openbaar deur die partyleiers gerepudieer.

### PROSES HERHAAL

**Weer het 'n proses van verbritsing ingetree wat uitgeloop het op die samesmelting van 1933 en die uitpeuling van 'n nuwe Nasionale Party onder leiding van dr. Malan. In 1948 het hierdie party aan bewind gekom en binne 'n jaar aanvaar die leier weer 'n ander vorm van Britse vryheid — hierdie keer die republiek binne die Statebond — en verklaar hierdie leier dat hy „in alle omstandighede binne die Statebond wil bly," en ons sien dan ook hoe die huidige bewind verder gaan in sy samewerking met die Empire as enige vorige bewind. Daar gaan nouliks 'n kwartaal om dat een of ander minister nie in Londen beraadslaag oor die beter bloedsomloop van die Empire op ekonomiese, politieke en militêre gebied nie.**

**En wie gaan nou die nasionale koers voortsit, en moet hierdie koers ook maar weer eindig in 'n aanvaarding van die Empire omdat dit nie wesenlik wil breek met die Britse bande en die Britse dampkring binne ons staat nie? Die O.B.**

(vervolg op bladsy 6 kolom 1)

## NUWE INTEKENARE

**In die afgelope week het Die O.B. weer vyf nuwe intekenare ontvang wat deur flukse lesers van ons blad gewerf is. Dit beteken 'n waardevolle toevoeging tot die mobilisasie van kragte vir die eerste praktiese stap tot verwesenliking van ons volksideaal.**

**Aangesien ons graag die name van insenders van nuwe intekenare in ons blad wil noem, moet hulle asseblief meld indien hulle beswaar het dat hul name openbaar gemaak word. Die name van nuwe intekenare word vanselfsprekend nie openbaar gemaak nie.**

**Van mnr. Hennie du Toit, Die Strand, het ons een intekenaar ontvang, van mnr. J. Ackerman, Port Elizabeth, een en van ons ywerige lesers op Stellenbosch weer drie. Hoeveel nuwe intekenare gaan ons hierdie week bykry . . . en wie gaan hulle besorg?**

**Daar is ook nog die wenk van „Taurus" wat uit Graaff-Reinet sestien name gestuur het vir een maand elk. Hy het voorgestel dat elke leser een jaar se intekengeld bykomend stuur saam met twaalf name en adresse van mense aan wie die blad vir een maand gestuur sal word. Wie volg dit op?**

**Ons kan alleen groei as ons werk!**

# BLAD PLEIT VIR HERVORMING VAN PARTYSTELSEL

**Die gevolgtrekking dat samewerking tussen die twee blanke taalgroepe in ons land afhanklik is van 'n deurtastende hervorming van ons bestaande regeringstelsel sodat dit nie meer op partydominasie sal rus nie, word in 'n hoofartikel van Dagbreek in die jongste uitgawe van die blad gemaak. Die blad doen aan die hand dat die partystelsel so omskep moet word dat die regering nie meer deur 'n partyleier saamgestel moet word nie, maar deur 'n verkose staatshoof en dat die volksraad bygestaan moet word deur 'n nie-partypolitieke beroepsverteenwoordigende tweede kamer wat die plek moet inneem van die huidige senaat.**

**Aangesien die artikel 'n belangrike lig laat val op die republikeinse strewe en verset daarteen, plaas ons dit volledig. Dit lui:**

Op die oomblik is republikanisme nie 'n aktuele of praktiese politieke kwessie in Suid-Afrika nie en baie mense wil dit ook liewer nie bespreek nie, omdat dit dan 'n akademiese of ideologiese vraag sou wees of ook omdat dit onnodige verdeeldheid sou verwek.

Tog is dit 'n feit dat dit onafgebroke as 'n spookbeeld aanwesig is op die agtergrond van ons praktiese politieke verhoog.

Waarom 'n spookbeeld, as dit tog vir geen praktiese politiek gehou word, geen verskil sou maak aan ons vryheid en soewereiniteit, ons nie noodwendig sou uitskakel uit die Statebond en sekerlik nie uit die Westerse verband waarin ons onlosmaaklik staan nie?

In die diepste grond is republikanisme in Suid-Afrika 'n spookbeeld omdat dit verbind staan met 'n innerlik botsende, eensydige één-nasie-ideaal wat nog nie uit ons politiek verwyder is nie. Ons bedoel dié soort één-nasie-strewe wat die identiteit van die een of die ander kulturele groep van ons bevolking bedreig, en daarmee ook die stoflike welsyn van sy lede.

### OORHEERSING

Hierdie soort één-nasie-ideaal is innerlik botsend omdat dit die oorheersing van een nasionale element deur die ander impliseer. Voorheen was dit veral die Britse jingo-standpunt wat teen die republikanisme gekant was, omdat hierdie standpunt een Britse nasie in Suid-Afrika wou skep deur assimilasie van die Afrikaanssprekendes, en in die republikanisme 'n pleganker gesien het vir voortbestaan van 'n afsonderlike Afrikaanse volksgroep.

Hierdie opvatting is nou ten dele verouderd, maar dit bestaan in verswakte vorm voort by 'n deel van ons bevolking wat eenheid nog bepleit op die basis dat „taal geen saak maak nie en ook nie afkoms nie, maar slegs 'n gemeenskaplike Suid-Afrikanerskap." **Wat hulle werklik hoop, is dat die één nasie wat aldus geskep word, outomaties 'n oorwegend Engelssprekende en Brits-georiënteerde nasie sal wees.**

### REAKSIE EN VREES

Uit reaksie hierteen gryp die Afrikaanse element dan weer na die republikeinse ideaal om, deur verswakking van die Britse verband, sy taal en afsonderlike identiteit teen verswelging te beskerm.

En dié reaksie voer sekere elemente onder die Afrikaanssprekendes so ver dat hulle op hulle beurt 'n één-nasie-ideaal, deur assimilasie uit die teenoorgestelde kant, stel in 'n „suiwere Boere-republiek." Vir hulle moet republikanisme dan nie net die Afrikaanse identiteit beveilig nie, maar oorheersend maak. Omgekeerd, spoor die vrees hiervoor weer die Engelssprekende seksie aan tot verwoede verset teen die republikanisme!

Eintlik gaan die stryd dus nie oor die republikanisme as sodanig nie, maar wel oor die eensydige en innerlik-botsende één-nasie-strewe wat daarmee saamgeskakel word.

Gelukkig is die meerderheid Suid-Afrikaners besig om bo hierdie eensydigheid uit te groei. Hulle sien en beleef gesamentlik die geleidelike groei van 'n gemeenskaplike en omvattende Suid-Afrikaanse nasionaliteit waarin nie òf Boer òf Brit oorheersend sal wees nie, maar waarin sowel Boer as Brit opgeneem word as Afrikaansspre-

(vervolg op bladsy 6 kolom 3)

## Twee Dames se Mooi Voorbeeld

By geleentheid van 'n kommando-vergadering op Stellenbosch het mevv. S. E. Mohr en C. M. Bosman 'n bedrag van £17 oorhandig ter stywing van die Organisasie-fonds van die Ossewabrandwag. Die twee veldkornettes in die vroue-kommando het die geld ingesamel deur die verkoping van handwerk wat hulle self gemaak het.

Hierdie flukse dames het hul offisiere en mede-lede aangenaam verras met die pragtige bedrag aan woekergeld wat hulle verdien het.

Die generaal het die dames geluk gewens en hartlik bedank vir hul ywer en opoffering in belang van die Ossewabrandwag. Hulle het 'n voorbeeld gestel wat beslis navolgenswaardig is.

DIE O.B., WOENSDAG, 7 NOVEMBER 1951

# CHURCHILL EN DIE EMPIRE

Die pers is nog steeds besig om Churchill se verkiesingspraatjies ernstig op te neem. Die moontlikheid van 'n buitengewone Empire-konferensie binnekort met die oog op nouer samewerking binne die Britse Statebond word in die vooruitsig gestel, en daar word verklaar dat Churchill planne het vir permanente raadplegende statebondsliggame vir politieke, ekonomiese en militêre samewerking. Maar, so gaan die berigte voort, dit is onwaarskynlik dat 'n uitvoerende Statebondsgesag in die lewe geroep sal word weens die teenstand van Suid-Afrika, Kanada en die Asiatiese dominiums.

Ons is nie geneig om hierdie praatjies, behalwe die hou van 'n konferensie, besonder ernstig op te neem nie. Churchill is 'n groot imperialis en hy sal niks doen wat die Empire-eenheid skade sal aandoen nie. Die imperialistiese beleid van die Empire het sedert die begin van die eeu heeltemal van karakter verander toe selfs so 'n aartsimperialis soos Joseph Chamberlain begin pleit het vir „'n vennootskap met die groeiende kolonies sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie behou kan word nie." Die toekenning van selfbestuur in 1906 en 1907 aan Transvaal en die Vrystaat was 'n proefneming in hierdie nuwe rigting van „vennootskap", en dertig jaar later kon Stanley Baldwin, destydse eerste minister, hierdie proefneming as geslaagd beskryf toe hy 'n soortgelyke grondwet vir Indië bepleit het. Hy het by die geleentheid (1934) gesê: **„Dit is my eerlike oortuiging dat u by magte is om die hele Indië vir altyd vir die Britse Ryk te red. Ek verklaar met nadruk dat as u Indië nie hierdie geleentheid (groter vryheid) gun nie, u Indië binne twee geslagte sal verloor."**

**„Die toekenning van selfbestuur aan Suid-Afrika, wat indertyd so gewaagd gelyk het, het getoon dat dit die beste ding vir die Britse Ryk was wat kon gebeur het."**

**GOEIE RESEP**

**Die resep om die Britse Ryk te red was dus om die uitwendige bande losser te maak of selfs sover moontlik te laat verdwyn in ruil vir groter informele samewerking.** Soos dr. Malan dit na sy terugkeer uit Londen in 1949 uitgedruk het:

**„As die bande wat bind losser gemaak was in die verlede van tyd tot tyd, dan het die Statebond dit nog altyd reggekry om beslag te lê op die gees."**

Die bedoeling van die Britse imperialisme was om van die Statebond as organisasie **'n lewende organisme te maak wat deur onderlinge vervlegting van belange en idees so 'n hegte eenheid sal uitmaak dat dit ook 'n gemeenskaplike wil mettertyd sal ontwikkel. En hierdie gemeenskaplikheid word bewerkstellig deur gedurige onderlinge raadpleging op politieke, ekonomiese en militêre gebied — raadpleging wat ook vanselfsprekend oorgaan in daadwerklike toepassing van 'n gemeenskaplike optrede in alle sake van belang.**

Toe die Britse House of Lords in 1948 'n voorstel aangeneem het dat 'n „opperste raad van Britse volke" in die lewe geroep moet word — 'n besluit wat niks anders as 'n partypolitieke slenter van die Konserwatiewe Party was nie — het die eerste minister van Suid-Afrika, genl. Smuts, in die parlement verklaar dat die besluit nie ernstig opgeneem hoef te word nie. Hy het gesê dat die Statebond negatief teenoor hierdie besluit sal staan omdat dit 'n stap agteruit sal wees, en Suid-Afrika is heeltemal daarteen gekant. **„Hoe nader die lande van die Gemenebes aanmekaar gebring word, hoe meer wrywing sal daar wees en hoe groter neiging tot algehele afskeiding. Ons manier van raadpleging in die Gemenebes werk goed. Dit is nie nodig om 'n adviserende raad in te stel nie. Hoe meer masjinerie daar is, hoe meer wrywing sal daar kom,"** aldus genl. Smuts.

(Dit is opvallend dat Die Burger verlede week dieselfde standpunt ingeneem het.)

**„ONTSAGLIKE SKADE"**

Die destydse Britse minister van Statebondsbetrekkinge, Gordon-Walker, het verklaar dat die Konserwatiewe Party, indien hy aan bewind sou kom, **„sy verklaarde Statebondsbeleid sal moet verwerp, of hy sal ontsaglike skade aan die lewende struktuur van die Statebond veroorsaak."** Hy het verduidelik:

„In Europa tree ons op deur middel van verdrae en rade, maar dit is nie die manier van optrede in die Statebond nie, die eenheid waarvan alleen gebou kan word op die steeds nouere samesnoering van vrye volke wat so nou **is dat hulle geen konstitusionele masjinerie om hulle saam te bind nodig het of begeer nie. Ons het twee konferensies van eerste ministers en die eerste van finansministers gehad. Deur middel van komitees van amptenare het ons 'n steeds toenemend noue samewerking ten opsigte van verdediging, ekonomiese beleid en wetenskaplike navorsing opgebou."**

Ons twyfel of Churchill so stompsinnig sal wees dat hy nie sal besef wat 'n Smuts, 'n Malan en selfs 'n Gordon-Walker bewus van was en is nie, naamlik dat 'n lewende eenheid of „organisme", soos genl. Smuts en dr. Malan

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

die Statebond genoem het, 'n veel hegter samesnoering is as 'n konstitusionele of organisatoriese eenheid. En daarom beskou ons Churchill se praatjies as blote verkiesingspropaganda. **Die magtige Britse „Foreign Office" sal hom nie deur partypolitiek laat afstoot van 'n imperialistiese koers wat soveel sukses reeds opgelewer het nie.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Kolskote Geskiet*

Ek wil graag onder die eerstes wees om mnr. Douw Swart van Eersterivier hartlik welkom te heet in die geledere van die Ossewabrandwag. Van tyd tot tyd, en op verskillende plekke in ons land, sluit mense by die Ossewabrandwag aan; maar ek weet van niemand wat in die jongste tye by die O.B. aangesluit het wat in die openbare pers sy stap so treffend en deeglik gemotiveer het nie. Geluk mnr. Swart, jy het kolskote geskiet!

Mnr. Swart is 'n man wat al die jare van sy lewe aan die Nasionale Party behoort het. Hy was 'n lid van die Nasionale Party van wyle genl. Hertzog; hy was 'n lid van die Gesuiwerde Nasionale Party van dr. Malan; hy het lid geword van die Herenigde Nasionale Party of Volksparty van dr. Malan; hy het in 1941 uit die O.B. bedank toe dr. Malan oorlog teen die volksbeweging verklaar het; en nou het hy bedank uit die party en by die O.B. aangesluit.

Mnr. Swart se rekord bewys duidelik dat hy nie 'n politieke rondspringer is nie. Inteendeel hy is 'n man met 'n standvastige politieke koers. Daarom is dit ongetwyfeld belangrik om te weet wat hierdie man beweeg het om op hierdie tydstip die Nasionale Party te los en by die Ossewabrandwag aan te sluit.

### *Sat Vir Politieke Partye*

Ek is baie bly dat mnr. Swart sy redes op ondubbelsinnige wyse uiteengesit het. Myns insiens, is dit goeie redes en daarom gaan ek dit weer opsom vir my lesers.

Mnr. Swart stel sy vernaamste rede soos volg:

„Ek bedank uit die party omdat ek besluit het om finaal te breek met politieke partye en die partystelsel." Ek dink mnr. Swart vertolk die gevoel van duisende Afrikaners in ons land. Die volk is moeg vir die politieke partye en die partystelsel. Maar waarom het mnr. Swart besluit om juis op hierdie tydstip te bedank? Op hierdie vraag antwoord mnr. Swart soos volg: „Maar nou lees ek in die O.B.-koerant dat die Grootraad van die Ossewabrandwag 'n besluit geneem het waaroor ek baie bly is. Die O.B. gaan hom nou heeltemal onttrek aan die partypolitiek en sy leiers gaan 'n anti-partypolitieke front opbou. Dit is die regte ding en ek verwelkom dit. Daarom bedank ek uit die partypolitiek en sluit ek by die O.B. aan om te help om hierdie front op te rig."

Dit is baie duidelik gestel.

Ek het by 'n vorige geleentheid geskryf dat ek die Grootraad geluk wens met die besluit wat hy geneem het en die leiding wat hy gegee het. Die stap wat mnr. Swart gedoen het is kragtige en welkome bevestiging dat die Grootraad se besluit insake die oprigting van 'n anti-partypolitieke front nie alleen koersvaste leiding is nie, maar dat dit tydige leiding is wat byval vind nie alleen by al die lede van die Ossewabrandwag nie, maar ook by Afrikaners wat nie aan die O.B. behoort het nie.

### *Oplossing Van Vraagstukke*

Ek wil die vertroue uitspreek dat baie meer Afrikaners die moed van hulle oortuigings sal hê om saam met die O.B. te kom werk aan die oprigting van 'n front wat uiteindelik die partystelsel sal vernietig en institusionele hervormings in Suid-Afrika sal bewerkstellig.

Mnr. Swart het bowendien ook 'n klompie spesifieke sake aangeroer waaroor hy ontevrede is met die Nasionale Party. Ook dit is besonder interessant en betekenisvol. Hy sê dat die kleurvraagstuk nooit opgelos sal word nie en die Britse protektorate nooit ingelyf sal word nie solank dit partypolitieke twisappels is nie. Dit is waarheid wat soos 'n paal bo die water staan en mense wat vir hulleself dink sal ongetwyfeld saamstem dat mnr. Swart reg is.

### *Versapping Van Die Nasionale Party*

Ek het persoonlik baie belang gestel in twee aanklagte wat mnr. Swart ten slotte teen die Nasionale Party gemaak het. Hy is ontevrede omdat die Nasionale Party die republikeinse ideaal van ons voorouers op die agtergrond skuiwe en nou skielik voor 'n dag kom met die idee van 'n Empire-republiek. En hy is ook ontevrede dat die Nasionale Party oënskynlik nie eens 'n eie oorlogsbeleid het nie, maar sommer die Britte s'n aangeneem het.

Ek weet lankal dat Nasionaliste bitter ontevrede is met hierdie versapping van hul party. En daarom is ek glad nie verbaas dat hierdie ontevredenheid in die openbaar gelug word nie. Die reaksie teen die versapping van die Nasionale Party begin intree — en ek voorspel dat hierdie reaksie nog verreikende gevolge gaan hê.

Die Cape Argus het in 'n hoofartikel kommentaar gelewer oor die stap wat mnr. Swart gedoen het. Dit is baie treffend dat die blad juis oor hierdie reaksie teen die versapping van die Nasionale Party skryf — hoewel die blad vanselfsprekend nie die woord versapping gebruik nie. Die blad skryf dat mnr. Swart se brief „aantoon hoe ongemaklik die staatmakers van die ou dae voel sedert die Nasionale Party die ideale van genl. Hertzog afgesweer het."

### *Outentieke Nasionaliste*

„Wanneer ons lees," vervolg die blad, „van die besware teen die gebruik van die kleurvraagstuk as 'n verkiesingskreet; eise vir kragtiger propaganda vir 'n republiek; en die versoek om neutraliteit in geval van oorlog dan klink dit baie bekend. Trouens ons hoor dan weer die karakteristieke stem van outentieke nasionalisme."

Ten slotte sê die blad: „Hierdie Nasionaliste van die ou skool wie se houding so duidelik deur die briefskrywery uitgebeeld is, sal ongetwyfeld nie vir die Verenigde Party stem nie." Natuurlik nie.

Maar ek moet sê dat die Argus darem 'n mooi pluimpie vir mnr. Swart gegee het. Die blad sê dat sy stem die karakteristieke stem van outentieke nasionalisme is. En dit is waar. Aangesien die stem waarmee mnr. Swart gepraat het ook die stem is waarmee die Ossewabrandwag praat, aanvaar ek die Argus se woord ook as 'n pluimpie vir die O.B.

As die mense wat met die stem van „outentieke nasionalisme" praat, die Nasionale Party begin verlaat, dan het die reaksie teen die versapping van die Nasionale Party begin intree. Dit is baie betekenisvol.

Maar die Cape Argus het ook 'n ander waarheid kwytgeraak. Die blad is heeltemal reg as hy sê dat die mense wat met die stem van „outentieke nasionalisme" praat, nooit vir die Verenigde Party sal stem nie. Dit is 'n onomstootlike waarheid. En daarom het mnr. Swart ook nie by die Verenigde Party aangesluit nie, maar het hy by die O.B. aangesluit om te help om 'n front op te bou waarin alle „outentieke nasionaliste" tuis sal wees.

### *Churchill Moet Tog Oppas*

Ek dink ons eerste minister, dr. D. F. Malan, is vandag net so vies vir die Britse eerste minister, mnr. Churchill, as wat Saul destyds vir Dawid was. My lesers sal onthou dat die aanleiding vir Saul se boosheid was dat die vroue in die strate gesing het oor Saul wat duisende verslaan het en Dawid wat tienduisende verslaan het.

Deesdae sê die mense dat Churchill sy eie salaris en die ministers se salarisse met duisende ponde verminder het toe hy aan bewind gekom het terwyl Malan sy eie salaris en die ministers se salarisse en die volksraadslede se salarisse met duisende ponde vermeerder het toe hy aan bewind gekom het.

Dr. Malan is glo baie vererg omdat mnr. Churchill 'n stap gedoen het wat mense in staat stel om 'n verskriklik ongewilde vergelyking tussen hulle twee te tref. En boonop moet mnr. Churchill en sy span, volgens die geldende Britse skool, geweldig hoë inkomstebelasting betaal op hulle verminderde salarisse terwyl dr. Malan en sy span glad nie inkomstebelasting betaal op 50 persent van hul vermeerderde salarisse nie.

Ek wil nou nie 'n vuur aanblaas nie, maar ek wil darem sê dat as die Verenigde Party, oudergewoonte, gaan onderneem om hierdie Britse voorbeeld na te volg, dan gaan die poppe rêrig dans in die Suid-Afrikaanse politiek. As mnr. Strauss, die Opposisieleier, die stoute skoene gaan aantrek om aan te kondig dat hy, nes mnr. Churchill, die eerste minister en die ministers en die parlementslede se salarisse gaan verminder as hy en sy party aan bewind kom, dan reken ek gaan daar 'n politieke storm in Suid-Afrika losbars wat die parlementshuis tot op sy fondament sal skud.

Nee, by verdere oorweging raak ek heeltemal oortuig dat die Churchill-stap een van die Britse voorbeelde is wat die Verenigde Party-opposisie hoegenaamd nie gretig is om na te volg nie.

Mnr. Churchill moet oppas; hy sal baie onbemind raak in parlementêre kringe!

### *Die Springbok-rugbytoer*

Miskien sou sommige van my lesers dit nooit vermoed het nie. Maar ek is ook 'n sportliefhebber. Laat ek tog dadelik haastige gevolgtrekkings wat 'n oorgeesdriftige leser miskien mag maak uit die weg ruim. Ek is nie 'n beroemde sportsman nie en ek het onge-

(vervolg op bladsy 3 kolom 1)

# ROOI ASIË BEDREIG DIE WESTERSE BESKAWING

**Deur die pro-kommunistiese politiek van Baruch-Roosevelt-Truman, teen die nasionale Sjina en deur die verraderlike politiek van die Engelse in Indonesië teen die Hollanders sal dit nie meer lank wees voordat die hele Asië insluitende Indië, Australië en Nu-Seeland deur die Bolsjewisme oorstroom sal word nie. Dit is die een feit.**

**Die ander is dat die oorwinnaars in Europa ten spyte van die ondervindings in Asië dieselfde selfmoordpolitiek ook daar bedryf. Maar ongelukkig bly dit nie alleen 'n selfmoord van Amerika en Engeland nie. Die resultaat sal wees dat die Westerse beskawing deur die godlose kommunistiese hordes vir goed verniel sal word.**

**Ons, wat ons bevind in die worstelplek van Bolsjewisme teen Westerse beskawing, mag nie stil sit nie. Dit is ons heilige plig om aan die stryd deel te neem sodat Westerse beskawing kan seëvier.**

Die Asiatiese treurspel het begin toe in 1944 die Jood John Davies as hoof van die Amerikaanse departement van buitelandse sake in Sjina aangestel is. John Davies wat 'n beskermling van Roosevelt se „Breintrust" — Baruch - Frankfurter - Morgenthau - Rosenman — was, het natuurlik die politiek uitgevoer wat sy meesters van hom geëis het.

**Aan die Amerikaanse regering is doelbewus misleidende inligting oor nasionale Sjina sowel as die kommunistiese Sjina gegee. Maar nie alleen dit nie, militêre toerusting wat vir nasionale Sjina bestem was, is aan die kommuniste gelewer.**

Met behulp van Roosevelt se „Breintrust" het Davies al sy medewerkers vir Sjina self uitgesoek. Almal, van die eerste tot die laaste was kommuniste of simpatiseerders van kommunisme. So het die berugte Davies - Service - Ludden - groep ontstaan. Dit was hierdie groep wat nasionale Sjina gebreek het. **Met die vernietiging van Sjina het hulle nie alleen Sjina nie, maar die hele Asië aan die kommuniste uitgelewer.**

### STEUN ROOIES

**Toe Truman president word, weier hy om aan die waarskuwings van admiraal Leahy en gesant Harley gehoor te gee en hy stuur generaal Marshall na Sjina. Marshall was 'n vriend en 'n politieke leerling van Roosevelt. Toe Marshall terug kom, swaai Truman-Acheson oor na die kant van kommunistiese Sjina. Tsjiang Kaisjek en sy nasionale leër moet na Formosa vlug.**

Die politici wat so 'n waansinnige beslissing gedoen het en daarna Asië as prooi aan die Bolsjewiste geoffer het is nog vandag hoë amptenare en dit klink nogal skaamteloos dat hulle nou ander volke teen Bolsjewisme aanhits.

**In Indonesië was dit amper dieselfde geval as in Sjina, net met die verskil dat dit nie alleen Amerikaners was wat aan die kant van die inboorlinge gestaan het nie, maar veral Engeland en Australië.**

Hier het nie wapens, ammunisie en geld 'n rol gespeel nie, maar olie, suiker en rubber. Die

**Deur Ski**

Hollandse bevolking onthou nog baie goed hoe die Engels-Amerikaanse „Goodwill"-kommissie alles vir die inboorlinge maar niks vir die Hollanders gedoen het nie.

**Op vergaderings van die V.V.O. se organisasies was dit Engeland en in besonder Australië wat elke keer die Hollanders aangeval en gekritiseer het. Daarby was en is die Hollandse administrasie in die kolonies die beste in die hele wêreld.**

### DRA SELF SKULD

Die Hollanders het wel 'n groot deel aan die skuld vir die toestand in Indonesië en vir die verlies van die Europese bolwerk in Asië omdat hulle die inboorlinge bederf het. Die Hollanders was kleurblind; hulle het geen apartheid gehad nie. En tog is hulle deur die bedorwe inboorlinge en kleurlinge vermoor en uit die land geskop.

Holland het in Indonesië elke inboorling en kleurling die reg gegee om hoë amptenare en offisiere te word. So was inboorlinge magistrate en Hollanders was dié klerke van dié magistrate. So was inboorlinge offisiere in die leër en die Hollanders was soldate onder die bevel van inboorling-offisiere. En tog het die Indonesiese amptenare en offisiere hulle liefkosers en leermeesters vermoor en die land uitgeskop.

### GELYKSTELLING

Skuld aan die beklaenswaardige gevolge het ook die kerk, veral die katolieke kerk. Hulle het die inboorlinge in skole en kerke geleer dat alles wat 'n menslike gesig het, gelyk staan.

Die leraars wat dit geleer het, het vergeet dat die mentaliteit van die Asiate tog heeltemal anders is as dié van die Europeaan. Hulle het vergeet dat 'n barbaarse volk aan hulle eeu-oue onchristelike oorlewerings glo en nie aan 'n jong christelike kultuur nie.

**Hoewel die leraar die inboorling geleer het dat hy sy buurman net so lief moet hê as homself, het hy sy broer vermoor.**

En wat het die wêreld daarteen gedoen? Solank dit Holland was het die gekontroleerde koerante daaroor geswyg. Maar toe die Asiatiese gevaar van dag tot dag groter word, begin selfs volke, soos bv. Australië, wat teen die Hollanders in Indonesië aangehits het, om hulp te roep.

Australië, 'n land met 'n groot meerderheid Katolieke, het met sulke ongelooflike haat teenoor die Hollanders aangehits dat Australiese werkers geweier het om Hollandse skepe in die hawens van Australië af te laai.

### NOG STEEDS

Engeland en Australië is mede-skeppers van die gevaarlike situasie in Asië. Ons word vertel dat die Sjinese kommuniste nie so gevaarlik is as die Russiese nie. In 1944 het sulke propaganda in Amerika wel geslaag. In 1951 sal die propaganda in die hele wêreld nie slaag nie, want die kommunistiese gevaar is nie alleen in Asië en Europa nie, maar staan ook al voor die deur van Afrika en Amerika.

Gepaard met die „kommunistiese spook"-propaganda van die rooies en pinkrooi liberales, van Katolieke en intellektueles word die kommunisme prakties aangehelp deur die skenking van selfbestuur aan swart volke wat nog mensvreters onder hulle het. Op die wyse sal die rooi vuurherd in Afrika aangesteek word.

### BELEID IN AFRIKA

Dr. Nkruma, die swart eerste minister van die mensvretervolke van die Goudkus, is 'n Katoliek, maar toe hy die verkiesing gewen het, het hy nie in die Katolieke kerk gegaan om te bid nie; hy het aangesluit by sy broers en aan die geloofseremonie van die toordokters deelgeneem. As 'n voorvegter vir kommunisme het hy reeds namens die ander swart volke teen die bestaan van Suid-Afrika se nasionale regering geprotesteer.

In my vorige artikel oor Japan het ek gesê dat Japan se bevolking elke jaar met 18 miljoen mense aangroei. Alle Asiatiese lande het tesame wel meer as 1,200 miljoen mense. Op grond van die vrugbaarheid van die Asiate kan die leser maklik uitreken wat die getal in 10 jaar sal wees.

Honderde miljoene Asiate wat honger ly sal baie maklik val vir enige propaganda wat aan hulle kos belowe. Moskou buit die honger-toestand deur 'n goeie propaganda uit en belowe nie alleen kos nie, maar vir elke familie 'n huis en land, belowe nie alleen die noodsaaklike lewensmiddele nie, maar ook skole, hospitale, kragstasies en die industrialisasie van die land.

### SUKSES

Om al die beloofde goedere te kry moet die volke by die kommuniste aansluit. Dit is die propaganda van die kommunisme. Met die monsteragtige massa van mense hoop die kommuniste dan om die lande soos 'n stoomroller plat te loop. Die einddoel van kommunisme is natuurlik die oorwinning

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

van die hele wêreld. Sjina se kommunisme het die opdrag om die rooi vlag oor Asië te ontvou. Maar om Asië te beheers moet Australië in die hand van kommunisme wees. **Die plan van Australië se regering om die kommunistiese sameswering in Australië te verhinder het misluk omdat die katolieke lede van die vakunies teen die regering gestem het.**

Die neerlaag van Australië se regering het nie alleen die kommuniste in Asië maar ook in Afrika en Amerika aangespoor. Onder die masker van demokrasie, vryheid en menseregte probeer die kommunisme 'n houvas op die twee lande te verkry.

---

(vervolg van bladsy 2)

lukkig glad nie sportprestasies op my kerfstok nie. Maar almiskie, ek is darem 'n sportliefhebber. En ek volg die Springbok-rugbytoer in Engeland met belangstelling.

Ek gaan nie vir u vertel hoeveel punte die Springbokke reeds agtereenvolgens aangeteken het nie; ook nie of ek dink dat ons agterlyn somtyds ons voorspelers in die steek laat nie; en ek gaan ook nie vra waarom ons rugbybase dan oënskynlik nie vooraf die reëls geken het, waarvolgens die Britse skeidsregters fluitjie blaas nie.

Nee, ek spog sommer by u deur te sê dat ek dink die Springbokke gaan nooit 'n neerlaag ly in Engeland nie. Komaan, waar is die jingoes wat dit wil ontken?

So 'n Springboktoer is ongetwyfeld 'n uitstekende vernietiger van „home"-gevoel. Selfs die rooiste „home"-man in Suid-Afrika skree vir die Springbokke en nie vir die „home-team" nie.

Daarom sê ek vir my lesers: Luister maar lekker na die Springbok-wedstryde.

---

# Moet Liewer Nou Staat Hervorm

**Die erkenning dat 'n nederlaag van die Nasionale Party by 'n volgende verkiesing sal beteken dat al die apartheidsmaatreëls, „een vir een weer ongedaan" gemaak sal word deur die nuwe bewind deurdat hy die wette nie sal uitvoer nie, en dat dit nog jare sal duur voordat die regering se beleid gevestig is, is vervat in 'n hoofartikel in Die Burger waarin aangekondig word dat die volgende verkiesing weer oor die kleurvraagstuk sal gaan. Die blad skryf:**

„Watter politieke strydpunte ook al van nou af na vore kom, is dit duidelik dat, soos die Minister van Landbou, mnr. S. P. le Roux, op Oudtshoorn in die vooruitsig gestel het, kleurbeleid weereens 'n oorwegende faktor by die aanstaande algemene verkiesing sal wees.

„Die Nasionale Party het in 1948 'n mandaat van die volk gevra, en die Nasionale regering het die nodige wetgewende stappe gedoen om die mandaat uit te voer. Omdat die vraagstuk so ontsaglik groot is, en ook omdat die Verenigde Party nie alleen sy samewerking volkome ontsê het nie, maar hom daarby heftig verset het teen elke stuk apartheidswetgewing wat aan die Parlement voorgelê is, **is tot nou toe weinig meer as die fondamente gelê vir die struktuur wat opgerig moet word.**

### NOG JARE

„Soos die eerste minister reeds beklemtoon het, is die wetgewende program wat vir die uitvoering van die apartheidsbeleid nodig is, in hoofsaak afgehandel. Ons het die stadium van praktiese uitvoering binnegegaan. **Noodwendig sal dit nog jare duur voordat die beleid gevestig is.** 'n Bewindsverandering op hierdie tydstip kan die hele program ontwrig, met moontlike noodlottige gevolge.

„Ons weet wat die Verenigde Party se standpunt teenoor die apartheidsbeleid is. Dit baat nie om daarop te wys dat, as hy aan die bewind sou kom, selfs die Verenigde Party dit nie sal waag om die apartheidswette te herroep nie. **Dit is nie nodig om hulle te herroep ten einde die beleid kragteloos te maak nie. Bloot administratief, bloot deur die magte nie te gebruik wat deur die wette daargestel is nie, sal dit moontlik wees om apartheid te saboteer.** (Dink maar net aan wat die vorige regering met tweetaligheid gedoen het, hoewel die wetsbepalinge oor tweetaligheid onaangeroer gelaat is!)

### WEER ONGEDAAN

„Die Nasionale regering sal in die aanstaande verkiesing die volk moet vra om hom in die geleentheid te stel om sy apartheidsbeleid prakties te vestig, en die volk sal hom die geleentheid moet gee, tensy hy die apartheidsmaatreëls een vir een weer ongedaan wil sien."

**Die Nasionale Party mag die volgende verkiesing oor kleur nog wen, maar volgens die parlementêre geskiedenis van sowel Brittanje as Suid-Afrika gaan hy die daaropvolgende een verloor. Moet hy dan nie liewer nou staatshervorming teweegbring in plaas van maatreëls wat „een vir een" weer ongedaan gemaak sal word nie?**

---

## ONTVANG UIT S.A. PENSIOEN

Kragtens die wet wat tydens die jongste sitting van die parlement aangeneem is om hoër salarisse en pensioene aan parlementslede toe te ken, is daar nou drie oud-goewerneurs-generaal wat pensioene van £2,000 elk en een weduwee wat £1,000 uit die Unie-skatkis ontvang. Met uitsondering van een is almal Britte. Die drie gewese goewerneurs-generaal is mnr. G. B. van Zyl, van Kaapstad, wat die amp van 1946 tot 1950 beklee het; die graaf van Athlone, wat van 1923 tot 1930 gedien het, en die graaf van Clarendon wat daarna vir sewe jaar gedien het.

Die weduwee is prinses Alexander, eggenote van prins Arthur van Connaught wat vir drie jaar sedert 1920 goewerneur-generaal was.

---




Waar u ook mag wees



Kommando

—die gewildste Suid-Afrikaanse sigaret

GI-3058 AH

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### TE KOOP

**STOOF.** 4-plaat Chromalox Electric. Nuwe Plate. Nuwe elemente en drade. Soos nuut. Prys £35. Aansoek: **S. A. Fourie, Poloweg 27, Observatory. Foon 5-5229.** 7/11/51

**SWART AUSTRALORP KUIKENS,** waarop u trots kan wees en daar is geen rede waarom u hulle nie almal groot sal maak nie. Kry hulle net teen £6/10/- k.m.b. van **E. BOTHA,** Bus 1128, Bloemfontein. 4/7/1

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

**Gryshare en baard** binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** G14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**SIEKTES en Kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 2)1/9/49

(vervolg van kolom 5)

ring dat die suksesvolle anti-malaria-veldtog onlangs die grondwaardes in voormalige malaria-streke met £50,000,000 vermeerder het. Hoewel die belastingbetaler vir die veldtog betaal het, het die grondeienaars die £50,000,000 ingepalm. Hy bepleit 'n algemene grondbelasting gebaseer op die waarde waardeur die proses van laer grondpryse en groter produksie ingelui sal word.

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANG 1949—1950**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika is vandag 'n Koninkryk onder 'n Britse koning:**

**DIE O.B. veg vir 'n Republiek onder 'n Afrikaanse President.**

**DIE O.B.**

- **Verwerp die Partystelsel wat die volk verdeel en veg vir die Partylose Eenheidstaat.**
- **Verwerp verteenwoordiging deur handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- **Verwerp die Kapitalisme en veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- **Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese integrasie van die nie-blanke en veg vir territoriale apartheid.**

**DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.**

**DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.**

### Intekenvorm

***Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.***

***Hierby ingesluit vind u die bedrag van***..............................

..............................***vir die eerste***..............***maande.***

***NAAM***..............................
(Naam en Adres in Blokletters)

***POSADRES***..............................

..............................

..............................

..............................

***Handtekening.***

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

*Ander Se Menings*

# PROBLEME MOET NIE TWISAPPELS WEES IN PARTYSTRYD NIE

**Die Anglikaanse biskop van Johannesburg, die hoogeerwaarde Richard Reeves, het op 'n kerklike vergadering in die stad verklaar „dat dit die Kerk se plig is om te waarsku teen die ernstige gevolge wat sal spruit uit die hedendaagse mode om elke nasionale probleem te beskou as 'n twisappel wat in die partypolitieke strydperk gegooi moet word.**

„As ek dit sê," het hy voortgegaan, „bedoel ek nie dat Christene afsydig moet staan van die politiek nie of glad nie moet deelneem aan nasionale of munisipale politieke partye nie. As hulle dit doen neem hulle nie deel aan die praktyk nie.

**„Maar die hedendaagse mode om elke vraagstuk 'n strydpunt tussen politieke partye te maak, bemoeilik nie alleen die oplossing van probleme nie, maar dit veroorsaak 'n politieke stremming wat die openbare lewe nie kan verdra nie.**

„Alte dikwels begaan Christene ook die populêre fout om te dink dat daar 'n politieke oplossing vir elke vraagstuk is. Daarom moet ons nie verbaas wees as die politici dink dat hulle ons enigste hoop is nie."

Die biskop het gesê dat hierdie neiging om alle vraagstukke uit die partypolitieke oogpunt te benader die oorsaak is van die vervreemding tussen die Afrikaans- en Engelssprekende dele van ons bevolking.

## Torch Commando Is Gevaarlik

**„Ons het geen tyd vir enige vertakking van die V.P.-organisasie dus ook nie vir die Torch Commando nie. Maar ons wil waarsku teen die H.N.P.-propaganda om hierdie beweging as òf onwettig òf as belaglik te beskou," skryf adv. Pirow se Nuusbrief.**

„Daar bestaan 'n groot mate van samehorigheid onder oudgediendes, en semi-militêre optogte was nog altyd 'n goeie middel om twyfelaars oor te haal en om die lede te inspireer. Daarby kom nog dat die hele wêreld weet dat die Britse oorwinning by El Alamein vir die Gesuiwerdes amper net so 'n teleurstelling was as vir Hitler. Hoe meer die H.N.P. van sy verlede weghardloop om Engelse stemme te vang, hoe meer maak hulle hul belaglik in die oë van elke Afrikaner wat nie party-mal is nie. Wel, die Gesuiwerdes kan 'n les leer van die wyse waarop Strauss met die Torch Commando saamwerk. Daar is mense in daardie organisasie wat vir hom die lewe nog baie moeilik gaan maak maar hy stel die eenheid van sy Opposisiebeweging eerste. Hoe anders het die Gesuiwerdes hulle Torch Commando, nl. die O.B. behandel. Hier was daar 'n aksiefront wat die ganse Afrikanerdom ondersteun het maar die H.N.P.-Indoenas kon daarin net 'n bedreiging vir hulle eie toekoms sien. Die O.B. kon dalk leiers oplewer wat bo die aspirant ministertjies sou uitstaan. Dit moes ten koste van alles verhoed word en toe is begin met die kampanje van dood skree, dood skinder en dood swyg.

„Wel, die O.B. is deur die Party amper uitgewis. Die H.N.P. het dit as 'n groot oorwinning vir hulle aanvaar maar vir die Afrikanerdom was dit 'n bittere terugslag, wat nog verreikende gevolge kan hê."

## Invloed van Pressiegroepe

**„Behalwe die vermeerdering van die broodprys is die prys van meelblom en ander graansoorte, botter, kaas, en waarskynlik blikkiesmelk ook vermeerder. Aldus word die sirkel voltooi; daar is 'n algemene verhoging van die pryspeil van die stapelvoedsel van die volk, ooreenkomstig die regering se oënskynlike beleid om die vernaamste inflasielas op die skouers van die verbruikers te plaas," skryf die Cape Argus in 'n hoofartikel.**

„Miskien sal die regering beduie dat die prysvermeerderings teweeggebring word as gevolg van verhoogde produksiekoste ten gevolge van wêreldinflasie. Dit word beweer dat produsente, bakkers, meulenaars en raffinadeurs oorlaai word met nuwe laste en dat die regering hulle moet help met verhoogde subsidies en deur die vermeerdering van die pryse van die volk se kos.

„Dit moet duidelik gestel word dat hierdie argument die volk glad nie oortuig nie.

### SUIKERPRYS

„Neem bv. die suikerindustrie.

„Om reguit te praat. Die verbruikers van suiker glo nie dat periodieke verhogings van die suikerprys nodig is om Natal van ondergang te red nie. **Hulle glo, inteendeel, dat 'n industrie wat doeltreffend georganiseer is; wat uitsluitlik in Suid-Afrika opereer; en wat gebruik maak van die goedkoopste arbeid in die land, in staat behoort te wees om die volk te voorsien van suiker teen 'n stabiele prys.**

„Slegs 'n jaar gelede het die regering toegelaat dat die suikerprys met ½d. verhoog word. Die nuwe verhoging moet tog geskied het, na 'n ondersoek, wat die minister oortuig het dat die industrie nie kan voortbestaan sonder die addisionele pryslas op die verbruikers nie. Waar is daardie getuienis? Laat dit voor die volk gelê word sodat hulle vir hulleself kan oordeel.

„Solank as wat daar geweier word om die gegewens bekend te maak waarop die regering se beslissings oor voedselpryse berus, so lank sal die neiging bestaan om te glo dat die beslissings geneem word nie as gevolg van werklike nywerheidsbehoeftes nie, maar wel as gevolg van die invloed van pressiegroepe op die regeringsbeleid. Die enigste manier om hierdie agterdog te verwyder is om die feite te verstrek."

## Planne vir Prysverlaging

**Na aanleiding van minister J. G. Strydom se verklaring dat geen regering die lewenskoste kan verminder sonder om 'n depressie te veroorsaak nie of deur vermindering van lone en salarisse nie, skryf oud-regter F. A. W. Lucas in die pers dat hierdie verklarings heeltemal verkeerd is. Hy verklaar dat daar drie faktore is ten aansien van stygende lewenskoste en al drie kan deur die regering beheer word. Die faktore is doeane en aksyns; produsente se beheerrade; en vernaamlik stygende grondpryse. Hy skryf:**

„Volgens beraming sal doeane en aksyns hierdie jaar £40 miljoen oplewer. As handelswinste by die bedrag gereken word sal die addisionele koste vir die publiek niks minder as £60 miljoen wees nie. Die indirekte koste wat die publiek moet betaal in verhoogde pryse as gevolg van beskermende tariewe is waarskynlik dubbeld soveel. Ons kan die lewenskoste baie verlaag deur doeane-tariewe geheel en al af te skaf en om die beskerming wat nywerhede nodig het as 'n bonus of subsidie aan hulle uit te betaal.

### BEHEERRADE

„Die produsente se beheerrade verhoog gedurig, met behulp van die regering, die pryse van lewensbehoeftes en terselfdertyd belemmer hulle produksie en veroorsaak gevolglik skaarstes. Die beheerrade oor vrugte is 'n tergende voorbeeld. Hulle het ons land omgeskep van 'n vrugte-etende na 'n vrugtehonger land.

„Die beheerraad oor mielies het, voor die oorlog, die prys hoog gehou deur verpligte uitvoer, met die gevolg dat ons 12/- per sak moes betaal het terwyl die uitvoerprys slegs 5/9 was. Die gemiddelde prys wat die boer destyds ontvang het was 8/- per sak — 'n prys waarteen die grootprodusente, wat, net soos vandag, die grootste deel van die oes gelewer het, groot winste gemaak het. Vandag kos 'n sak mielies 25/6 en die netto-wins van die grootprodusent is van 10/- na 15/- per sak. Die klein boer, wat slegs 'n geringe deel van die oes produseer kan nie, as gevolg van hoë rentekoerse en grondpryse, veel profyt maak teen die heersende prys nie. Nou is hulle die voorwendsel wat die grootprodusente gebruik om vir hoër pryse te agiteer. En die beheerraad oor koring het dit 'n misdaad gemaak vir die bakker om die prys van brood te verminder!

### GRONDPRYSE

„Ten slotte, die hoë grondpryse is 'n ernstige oorsaak van depressies en skaarstes. Daardeur word dit al moeiliker om grond te huur of te koop om te produseer wat ons nodig het. Vandag word die grondeienaar ryker sonder om te werk, en die werker word armer terwyl hy werk. Mnr. Strydom dink blykbaar nie daaraan om 'n bietjie van die onverdiende rykdom van die grondeienaar vir die staat te neem nie."

Skrywer het verwys na minister Karl Bremer se verkla-

(vervolg in kolom 2)

# TOEKOMSSTAAT SONDER PARTYSTELSEL

## Wat Verstaan Word Onder Partyloosheid

**Die vraag word meermale gestel, hoe die „partylose" staat van die toekoms daar sal uitsien, of dit 'n diktatuur gaan wees wat alle partyvorming gaan belet, en of dit moontlik is dat die hele volk in alle opsigte eensgesind kan wees as die stelsel maar net verander word.**

**Ons sal trag om so kort moontlik op hierdie vrae te antwoord, en dan wil ons dadelik begin deur te sê dat dit onmoontlik is om 'n volk eensgesind te kry in die sin dat daar geen politieke verskille sal bestaan nie.**

'n Volk bestaan uit 'n wye skakering van mense, en daar is ten opsigte van bepaalde sake soms standpunte en rigtings wat lynreg teenoor mekaar staan. Geen mens of stelsel kan hieraan verandering bring nie en dit is ook nie nodig nie. Die bedoeling is ook nie dat sulke rigtings belet moet word om ten gunste van hul standpunt te organiseer nie. Dit is juis ons beswaar teen politieke partye dat hulle geen meningsverskil binne of buite hul geledere duld nie. Almal wat nie die partyprogram honderd persent onderskryf nie, word tot vyand verklaar en beveg. **Dit is 'n tirannieke optrede wat juis sy eie eenheidsdoel verydel insover mense wat op sekere punte verskil, dan uit die party gedryf word om hul eie organisasie buite die party te stig en te verdedig.**

### SLAK EN SY DOP

Onder „partylose" staat verstaan ons 'n staat waarvan die regeringstelsel van so 'n aard sal wees dat „regering" en „party" nie met mekaar vereenselwig sal wees nie. Die Britse partystelsel veronderstel die bestaan van minstens twee politieke partye wat teen mekaar oorlog voer om besit van die staatsgesag. Die een wat wen, lê volkome beslag op die regeringsamp met algehele uitsluiting van die ander wat dan in die „woestyn" verkeer. **Die party as sodanig vorm dan die bewind en as jy van die party verskil verskil jy van die regering. As jy die party wil aanval, val jy ook die regering aan.** Die regering is nie 'n volksgesag waarvoor almal ontsag moet hê nie, maar dit is maar net 'n verheerlikte partygesag — verheerlik in die sin dat hy die magsmiddele van die staat verower en gebruik. Dit is soos 'n slak wat aan sy skulp kleef. **Slak en skulp is een. Om die slak te vernietig moet jy ook die skulp vernietig — om die party te vernietig of uit te skop, moet jy ook die staatsgesag ondermyn.**

### IN REPUBLIEKE

Dit behoort nie so te wees nie. Die staatsgesag moet daar staan bo enige persoon of groep. So was dit in die Boere-republieke. **Volksraadslede kon nie gaan agiteer het teen die „regering" nie, want hulle het self in hul wetgewende hoedanigheid deel uitgemaak van die regering. Hulle kon hoogstens kritiek uitoefen op sekere beleidspunte waarmee hulle nie saamgestem het nie of in verkiesingstyd op persone wat hulle nie as geskik vir hul amp beskou het nie om watter rede ook al. Dit kon gebeur het omdat die regering nie vereenselwig was met 'n party nie. Nie 'n party het regeer nie, maar die volk self deur middel van sy verteenwoordigers wat hy in verskillende hoedanighede aangewys het.**

### PARTYKOUKUS

Onder die partystelsel is dit nie persone wat die gesag beklee nie, maar die party. Regering is alleen moontlik wanneer die party volkome beheer kry oor die funksies van die staat — met uitsondering natuurlik van die regbank, wat onafhanklik bly. **Die party moet sowel die wetgewende gesag as die uitvoerende gesag beheer, en hy handhaaf sy beheer deur middel van die partykoukus. Die koukus is dus eintlik die regeringsmag wat sowel bepaal watter beleid die uitvoerende gesag moet volg as watter wette die volksverteenwoordiging mag aanneem. Daar is dus geen verskil of skeiding tussen regering en volksverteenwoordiging nie.** Die enigste skeiding wat daar is, is dié tussen „regering" en „opposisie" — tussen die party wat regeer en die party wat „in die woestyn verkeer." Laasgenoemde het geen mede-verantwoordelikheid vir wat die parlement of regering doen nie. Hy sit sy oorlog voort teen die party aan bewind en dus teen die regering. **Hy wil die slak doodmaak, en daarom breek hy die dop. Hy staan die „regering" nie net teen in die wetgewende proses nie maar hy belemmer hom ook sover hy kan in die uitvoering van sy wette, en omdat hy geen verantwoordelikheid dra nie, is daar geen perke, behalwe eie belang aan sy onverantwoordelikheid nie.**

### WORD BELOON

**Wat meer is, sy onverantwoordelikheid word beloon daarin dat as hy die „regering" tot 'n val bring, kan hy weer „regering" word. Hy deins dus vir niks terug nie — selfs nie vir wantroue-saaiery in die buiteland met die oog op ekonomiese ontwrigting van sy eie land nie. Hoe meer die openbare lewe ontwrig word, hoe meer die volk gebuk gaan onder ellende, hoe groter word die moontlikhede dat hy weer 'n beurt sal kry om te regeer.**

### ONMAG EN VERDEELDHEID

Teen hierdie stelsel is ons gekant omdat dit politieke onmag in die hand werk en volksverdeeldheid verwek of bestendig. Daarom wil ons dit vervang deur 'n stelsel waarin die regeringsmag nie die uitsluitende besit van die een of ander politieke kliek of organisasie sal wees nie, maar waarin dit uitgeoefen sal word deur individue wat deur die volk aangewys word op verskillende maniere. Politieke organisasie kan dan wel nog bestaan, maar dan hoogstens met die doel om regeringsbeleid te beïnvloed en nie om self oor die volk te regeer nie. Sulke organisasies het dan ook in die Republieke bestaan, maar hulle was sowel deur die staatstelsel, wat behoorlik skeiding gemaak het tussen uitvoerende gesag en volksverteenwoordiging, as deur wetgewing belet om self die regeringsmag in hande te kry of te probeer kry.

### ORGANISASIES

Daar kan dus byvoorbeeld 'n organisasie bestaan wat hom wil beywer ten gunste van algehele segregasie, en 'n ander wat hom wil beywer vir Christelik-nasionale onderwys, ens. En lede van hierdie organisasies, indien hulle verkies word, sal dan in die volksraad vir hul besondere beleid stem wanneer dit te berde kom, **maar die volgende oomblik sal hulle weer saam met diegene van wie hulle so ewe oor naturelle- of onderwysbeleid verskil het, kon stem oor so iets soos Indiër- of buitelandse beleid.**

**Die Engelse van Natal sal dus sonder vrees dat hulle „verraad pleeg" 'n staatsbeleid van segregasie of repatriasie van die Indiërs kan ondersteun.** Onder die partystelsel voel hulle oor hierdie sake in hul hart saam met die „regering," maar omdat die „regering" ook dieselfde ding is as die party teen wie hulle veg, stem hulle in 'n

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**verkiesing nie vir die „regering" nie, en in die parlement stap hulle liewer uit as sulke sake tot stemming gebring word — dit wil sê as hul partysweep hulle darem die reg gee om uit te stap en nie uitdruklik beveel om teen hul oortuiging te stem nie. En hy wat hiermee nie wil of kan saamstem nie, moet maar sy setel bedank, soos mnr. Eaton van Durban so pas gedoen het.**

# Moeder se Speeksel Toon Kind se Geslag

**Verskillende metodes is al probeer om voor geboorte vas te stel of die kind 'n dogter of seun sal wees. 'n Organiese skeikundige, dr. Gustav Rapp, van Chicago, meen dat hy die ware jakob ontdek het en hy het reeds bemoedigende resultate verkry.**

Na aanleiding van sekere toetse om swangerskap te bepaal het hy in dieselfde rigting probeer deur afskeidings soos trane, sweet en speeksel te toets. Eersgenoemde het waardeloos geblyk, maar in die geval van speeksel was daar welslae wat betref ongeveer die helfte van die gevalle. Dit het hom op die gedagte gebring dat die „mislukkings" dalk iets te doen het met die geslag van die kind. 'n Ondersoek na 50 van die betrokke gevalle by die kraaminrigtings het aan die lig gebring dat al die negatiewe uitslae in verband met dogters gestaan het en die positiewe toetse in verband met seuns.

Dr. Rapp se uitleg is dat seuns manlike hormone in die moeder se gestel vrylaat wat in haar speeksel waargeneem kan word. Die toetse vind plaas van drie tot vier maande voor die geboorte, maar dit kan omver gewerp word deur suikersiekte en die gebruik van verdowingsmiddels. Toetse met 400 vroue sedertdien het sy voorspellings vir 92 persent bewaarheid.

**Mnr. Frans J. du Toit**, professionele adviseur van die minister van ekonomiese sake, is tans aangestel as voltydse direkteur van drie staatsbeheerde ondernemings, nl. Yskor, Sasol en die te stigte fosfaatfabriek. Hy bly nog voorsitter van die Raad vir die ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne.

## Soos Ons Leser Dit Sien

# NASIONALIS BLY OOR FRONT TEEN PARTYSTELSEL

**T. Smit, Oranjestraat, Kaapstad, skryf:**

Ek het met belangstelling kennis geneem van die onlangse besluit van die Grootraad van die Ossewabrandwag om 'n front teen die partystelsel te vorm. Dit is nog nie vir my heeltemal duidelik hoe julle met hierdie front te werk sal gaan nie, maar ek hou van die idee. Ek is 'n ondersteuner van die regering en glo dat die Nasionale Party baie vir ons volk kan doen solank ons aan bewind is. As ons maar dink hoe die Afrikaanse taal tydens die Smutsbewind afgeskeep is en hoe ons soos vreemdelinge in ons eie land gevoel het, dan sal ons wel deeglik besef dat ons nie graag van die huidige regering ontslae wil raak net om weer die Opposisie-party aan bewind te kry nie. Maar, hoewel ek in die laaste jare geen lid van die Ossewabrandwag was nie, stem ek volkome met u saam dat die partypolitiek nie veel blywends tot stand bring nie. Ons het nou weer gesien wat in Engeland gebeur het. Binne ses jaar is daar al weer 'n nuwe regering aan bewind en die werk van die oue word nou weer afgebreek. So sal dit hier ook maar gaan en een van die dae — dit mag nog 'n hele paar jaar duur — sit ons weer met die Opposisie aan bewind, of, wat nog erger is, dalk die Torch Commando! Dan begin die stryd maar weer van voor af aan en al die jare van Nasionale bewind word dan betekenloos.

Maar afgesien hiervan is ek baie besorgd oor die slegte gevoel wat daar deur die partye tussen die blankes aangeblaas word net ter wille van stemme. Die blankes het mekaar nodig as hulle die stryd teen die nie-blankes wil wen, maar myns insiens sal die blankes altyd in twee groepe verdeel bly en mekaar beveg solank die partystelsel bestaan. As die Ossewabrandwag dus 'n front kan skep wat die volk bewus kan maak van die groot verderf van die partystelsel sodat ons 'n ander stelsel kan kry — miskien selfs met goedkeuring van die Nasionale Party — sal ek dit van harte verwelkom en ek is oortuig dat baie Nasionaliste die gedagte ook sal steun as ons dit duidelik maak dat die stryd nie teen ons party is nie, maar teen die stelsel. Ons het net leiding nodig en 'n organisasie wat aan ons 'n alternatiewe regeringstelsel sal voor hou.

# Wil Help Met Front

**„Ou S.A. Republikein," Kimberley, skryf:**

As 'n getroue leser van Die O.B. wil ek my blydskap uitspreek oor die besluit van die Grootraad. Dit gee al die nasionaalgesindes darem die kans om saam te werk. Ek dink baie na oor die vraag hoedat ons van die ellendige partystelsel ontslae sal raak. Myns insiens sou dit goed wees as almal wat daarvoor voel aldeur daarvoor sou pleit in die nasionale pers. As 'n voorbeeld sluit ek 'n briefie in, deur my in 'n nasionale dagblad geplaas. Daar sal vreeslik baie propaganda gemaak moet word in die goeie rigting en dit help nie te veel om dit in Die O.B. te doen nie: dit is preek vir die bekeerdes.

Kan u my miskien die adres laat kry van een van u voormanne hier in Kimberley? Ek wil graag help. Ek is al die jare lid van die Nasionale Party en 'n ou S.A. republikein.

# Moet Sommer Dadelik Begin

**„Oom Gandhi," Kaapstad, skryf:**

Wat 'n pragtige partypolitieke eenheid? Maar „volkseenheid" bly nog steeds 'n spotwoord! Wat 'n pragtige Afrikaner-opportunisme het andermaal ontpop? Maar daadwerklike republikanisme, beginselvastheid en koershou skitter nog steeds deur afwesigheid!

Britse demokratiese maniere van doen floreer geil onder ons Afrikanerdom, maar republikanisme het nog steeds net in partye se klousules bestaan, wat sielloos is en bly, sonder produktiewe resultate vir die volk. Laat ons 'n republikeinse nou-partypolitieke organisasie volg en ons ander landgenote (veral ook ons Engelse vriende), wat voel soos ons, by ons inskakel om saam met ons te lewe, te strewe en te veg vir wat beste sal wees vir ons vaderland — 'n S.A. Republiek met beroepsverteenwoordiging

Die ongekende volkseenheid van die 1938-Ossewatrek is deur politieke partye vernietig. Laat ons die stryd teen die partystelsel van regering positiewer as ooit te vore aanknoop en sommer dadelik begin.

**BRILLE**

Bring u oogarts se voorskrif vir brille

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE

GEHOORAPPARAAT

OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan. KAAPSTAD

Maitlandstraat. BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om Besonderhede

# O.B.-AKSIE TOEGELIG

(vervolg van bladsy 1 kolom 5)

moet dit doen, maar dan moet hy wegbreek van die proses wat telkemale tot verbritsing gelei het.

### PARTYSTELSEL

In hierdie proses het die partystelsel 'n belangrike rol gespeel. Dit was by uitstek dié Britse konneksie wat ons volk aan die Empire gebind het. Na dr. Malan uit Londen teruggekeer het met die resep van 'n Empire-republiek het hy in die parlement beklemtoon dat dit nie tot verbreking van die Statebond is nie al word Indië 'n republiek, want die Britse kroon is nie die belangrikste band wat die Statebond aanmekaar hou nie. Dr. Malan het gesê dat daar sterker bande is, naamlik die „gemeenskaplike uitkyk op die lewe" en die „gemeenskaplike parlementêre vorm van regering" wat ook Indië nog bly handhaaf.

Hierdie band van die gemeenskaplike regeringstelsel is nie net 'n sielkundige band nie, maar 'n baie wesenlike wat meebring dat ons land periodiek volledig uitgelewer word aan die Britse vyfde kolonne wanneer die Afrikanerdom dan „in die woestyn" verkeer. Die geskiedenis het sowel in Brittanje as in ons land bewys dat geen party meer as twee verkiesings wen nie. Selfs nie die sterk Suid-Afrikaanse Party van 1910 het 'n derde verkiesing gewen nie. Hy het in 1920 verloor, maar kon nog aan bewind bly deur die steun van die Unionistiese opposisie met wie hy kort na die verkiesing saamgesmelt het. Die Afrikaner word dus na elke tweede verkiesing weer in sy onderworpenheid teruggewerp wanneer alles verlore gaan wat in die paar jaar van Afrikanerbewind opgerig is. Ook die huidige maatreëls van die Nasionale bewind sal eerlang weer tot niet gaan wanneer 'n Britsgesinde party die derde verkiesing wen.

### WAT BAAT DIT?

Maar wat baat die partypolitieke stryd ons dan? Dit bring geen bekroning van ons stryd nie. Al wat ons wen is 'n oes van haat. Die regering mag die volgende verkiesing nog weer wen met sy kleurpropaganda, maar daardeur los hy nie die kleurvraagstuk op nie, maar verwek hy haat by die nie-blanke teen die witman. En in hierdie haatverwekking wen die regering nie eens die steun van die Engelssprekende om daarvoor te vergoed nie. Nee, die opposisieparty sorg weer op sy beurt dat die haat van die Engelssprekende teen die Afrikaner aangeblaas word, sodat dr. Malan op sy Natalse kongres moes erken dat die betrekkinge tussen die twee blanke volksdele „onrusbarend agteruitgegaan het" in die jongste jare.

### STEMME VAN PROTES

Teen die partystelsel is sedert sy invoering deur enkelinge uit ons volk beswaar gemaak. In 1910 het dr. Gustav Preller daarteen geskryf onder die skuilnaam „Knop", maar die verset is eers in die dertiger jare ná samesmelting georganiseer onder leiding eers van dr. C. J. H. de Wet en later die Ossewabrandwag. Toe die Ossewabrandwag in 1939 formeel gestig is, is ten duidelikste beklemtoon dat hy „buite en bo die partypolitiek" staan en die volk op daardie basis wil verenig. Rondom die Ossewaens het ons uitgevind dat ons volk geestelik wel een is wanneer jy die partypolitiek uitsluit, en vir die bestendiging van hierdie toestand wou die Ossewabrandwag hom beywer het.

In die afgelope jare het ons tot die besef gekom dat die republiek nie langs die weg van die partypolitiek verkry sal word nie — trouens die partyleiers erken self dat hulle nooit 'n verkiesing oor die republiek sal hou nie; dit sal geskied langs die weg van 'n volkstemming buite die partypolitiek.

### PUNT VAN OOREENKOMS

Wat die Grootraad nou besluit het, is om te begin op 'n punt waar die rafel die losste is. Dit sal nog baie jare vat voordat die meerderheid van die volk vir 'n republiek te vinde is. Selfs republikeine in die Nasionale Party sê vandag ons kan nie nou vir 'n republiek stem nie omdat ons Brittanje se hulp teen Rusland nodig het. Maar die meerderheid van die volk is wel in hul hart gekant teen die partypolitiek. Daarom is besluit om nou te begin by die punt waar ons die grootste mate van steun sal vind vir ons beleid, naamlik die afskaffing van die partystelsel en die invoering van 'n eie staatstelsel wat op die beginsels van volksregering sal berus. En vir hierdie doel kan ons nou die samewerking kry van mense wat nog nie bereid sal wees om vir 'n republiek te stem nie. Hier lê baie groot moontlikhede as ons net wil werk en ons saak propageer. Die volk raak al meer bewus van die ontsettende gevolge van die partypolitieke stryd wat van ons groot vraagstukke ammunisie maak om mekaar mee te beoorlog, en met die nodige arbeid kan 'n sterk mag teen die partypolitiek gemobiliseer word, en kan ons dan selfs met behulp van Engelssprekendes 'n nuwe inhoud aan ons staat gee wat 'n nuwe atmosfeer sal skep waarin die samewerking tussen Engels- en Afrikaanssprekendes moontlik gemaak sal word op 'n Suid-Afrikaanse grondslag — in 'n Suid-Afrikaanse dampkring, het mnr. Van der Walt besluit.

## *Verwag Oorname deur Franse Volksbeweging*

Die Engelse pers voorspel dat die politieke partye wat tans in Frankryk aan bewind is, eerlang plek sal moet maak vir genl. De Gaulle se anti-partypolitieke volksfront. Hulle beweer dat die Franse regering so traag was om die V.V.O. na Parys vir die sitting van die Algemene Vergadering uit te nooi, dat die uitnodiging eintlik uit hom „getrek" moes word. Die rede hiervoor is dat die Franse regering se posisie so hopeloos is dat hy bevrees is dat die binnelandse politieke krisis, wat tot die bewindsaanvaarding van De Gaulle sal lei, nog sal plaasvind solank die V.V.O. daar in sitting is.

# Oplossing vir Partystryd

(vervolg van bladsy 1 kolom 3)

kende en Engelssprekende groepe, met ongekwalifiseerde behoud van albei se taal- en kulturele identiteit. Hierdie gemeenskaplike nasionaliteit mag aangedui word deur Suid-Afrikaner of Afrikaner, maar alleen in dié sin dat dit 'n tweevoudige nasionaliteit sal wees met gelykwaardige Afrikaanse en Engelse elemente.

Dit is ons oortuiging dat as ons van weerskante hierdie konsep eerlik wil aanvaar en eerlik wil toepas, ons rassemoeilikhede oornag sal verdwyn.

Met so 'n konsep behoef selfs republikanisme geen spookbeeld meer te wees nie. Dit kan inteendeel vir die ontwikkeling van so 'n nasionaliteit bevorderlik wees in die sin dat, met waarborg van volle gelykwaardigheid, die deure oopgestel kan word vir immigrante op wie dan dadelik 'n suiwer Suid-Afrikaanse stempel afgedruk sal word.

### HERVORMINGS

Maar intussen word die groei van so 'n gesamentlike nasionaliteit in ons politiek belemmer deur die feit dat laasgenoemde op party-dominasie berus en dat die hoofpartye elkeen op sy beurt oorheers word deur één nasionale element. Indien ons dus 'n tweevoudige nasionaliteit wil ontwikkel met werklike en innerlike gelykwaardigheid, moet in ons politiek hierdie party-dominasie wat gelykwaardigheid en gesamentlikheid uitskakel, geneutraliseer word.

Dit kan gedoen word deur konstitusionele hervorminge wat eintlik ook in die republikanisme implisiet is, hoewel dit nie direk te doen het met verbreking of verslapping of handhawing van 'n uitwendige „Britse konneksie" nie.

Die eerste is wat ons al dikwels bepleit het, naamlik dat die Senaat vervang word deur 'n nie-partypolitieke, beroepsverteenwoordigende Tweede Kamer wat die Volksraad kan adviseer oor ekonomies-sosiale aangeleenthede. Die tweede is dat die regering saamgestel word, nie deur 'n partyleier nie, maar deur 'n gekose staatshoof, en dat die partyverteenwoordiging in die Volksraad regeringsbeleid slegs sal beïnvloed maar nie bepaal nie.

### KOUKUS

Op dié manier sal die partyverdeling geleidelik sy skerpte verloor deurdat die partystelsel en die partykoukus nie allesdominerend sal wees nie. Daarmee sal tegelyk 'n terrein vir politieke samewerking geskep wees tussen Afrikaans- en Engelssprekend, aanvanklik miskien buite die partywese, maar wat dan mettertyd moet deurwerk in die partywese self.

Ons glo dat hervorminge soos hier aangedui, sal uitloop op permanente oorbruggings van die kloof tussen die twee nasionale elemente. Maar vanselfsprekend sal dit aanvanklik slegs bewerkstellig kan word deur 'n tydelike bewerkte samewerking op partypolitieke gebied. In die lig daarvan kan miskien besondere betekenis geheg word aan die feit dat dr. Malan, in sy onlangse tweede beroep op Engelssprekendes, hulle nie bloot uitgenooi het tot aansluiting by die Nasionale Party nie, maar aan die hand gedoen het dat hulle, desverkiesend, 'n eie organisasie vir samewerking kan stel naas of langs die Nasionale Party.

## WIL AARDE SE KOERS BEHEER MET H-BOM

Die gebruik van waterstofbomme om die weer te verander volgens sterrekundige wette is die jongste suggestie van wetenskaplike kant. 'n Amerikaanse professor, dr. Alex Green, het verklaar dat dit moontlik behoort te wees om die aarde se rigting rondom die son te verander met behulp van waterstofbom-ontploffings en daardeur die klimaat te verander. Hierdie metode van klimaatbeheer op 'n sterrekundige grondslag kan ook gebruik word om die lengte van die dae te bepaal, het hy gesê.

## Ontkenning oor Devaluasie

Dr. De Kock het die mening uitgespreek dat daar geen waarheid hoegenaamd steek in die gerugte dat die dollar sowel as die sterling eersdaags gedevalueer sal word nie. Daar is gerugte dat die frank mag devalueer.

Die reserwes van Frankryk daal met die oog op die verwagte devaluasie. Dit mag devaluasie dus afdwing. Die Franse tesourie het egter aangekondig dat devaluasie van die frank nie oorweeg word nie aangesien vraag op die wêreldmarkte aanbod oorskry.

## *Reserwes Daal*

Die Unie se goud- en betaalmiddelereserwes het in die eerste halfjaar vanjaar met £16 miljoen gedaal. In die volgende twee maande tot end Augustus het daar 'n daling van £14 miljoen voorgekom, sodat die goudbesit toe £74.3 miljoen en die buitelandse valuta £71.8 miljoen beloop het. Die Unie se reserwes het 'n verdere daling van £14 miljoen getoon na £132 miljoen end September. Op 12 Oktober het dit egter weer 'n styging van £1.6 miljoen getoon na £133.7 miljoen.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# CHURCHILL STEL 'N MOOI VOORBEELD

**Die Britse volk wat so senuweeagtig is met die oog op die maatreëls wat die nuwe regering gaan tref om Brittanje se geldelike toestand die hoof te bied dat die aandelemark met miljoene ponde gedaal het, het een stukkie troos toe Churchill as eerste maatreël aangekondig het dat hy sy eie salaris en dié van sy kabinet gaan besnoei.**

Hy het aangekondig dat hy voortaan £7,000 per jaar sal ontvang in plaas van die £10,000 wat aan die vorige eerste minister betaal is. Die salarisse van die res van die kabinet sal van £5,000 tot £4,000 per jaar verminder word.

Churchill se optrede verskil nogal aansienlik van dié van ons Suid-Afrikaanse politici. Heel sielkundig begin hy by homself en sy regering voordat hy die volk vra om hul offers te bring in die stryd teen inflasie. Dit spreek vanself dat hy daardeur 'n opbeurende voorbeeld aan sy geteisterde volksgenote gestel het. Met veel groter vrymoedigheid sal hulle nou die laste op hulle kan neem waartoe hy hulle gaan oproep.

Jammer dat dieselfde voorbeeld nie in Suid-Afrika gestel is nie. Gepaard met die oproepe aan die volk om meer werk teen heersende lone, het 'n aankondiging gekom dat die parlementariërs hul eie salarisse met 40 persent verhoog het en hulself 'n aansienlike mate van belastingvrystelling vergun het.

Die salarisse wat Britse ministers nou ontvang is ook nie vleiend vir hul Suid-Afrikaanse kollegas nie. Die Britse eerste minister, wat sy land se inkomste vergader uit 'n bevolking van 50,000,000, ontvang £7,000 per jaar teenoor die £5,000 van die Suid-Afrikaanse premier wat sy inkomste trek uit 'n blanke bevolking van 2½ miljoen. Maar die vergelyking raak ongunstiger wanneer dit by gewone ministers kom. In Brittanje ontvang hulle nou £4,000 — dieselfde as 'n Suid-Afrikaanse minister.

'n Belangrike verskil is egter dat £1,500 van die salaris van die eerste minister en £1,200 van 'n gewone minister in Suid-Afrika vrygestel is van inkomstebelasting. In Brittanje is die belasting so hoog dat 'n minister minder as die helfte van sy salaris behou, terwyl ons Suid-Afrikaanse ministers ná aftrekking van belasting nog £3,500 ontvang.

# GROOT GELD IN BESKERMDE BEDRYF

**In 'n vorige uitgawe van Die O.B. is die aandag bepaal by die buitengewoon voordelige posisie van die suikernywerheid in ons land — die mees beskermende bedryf in ons ekonomiese lewe. Die berig, wat ons oorgeneem het uit Forward, het ook vermeld hoe spoedig die suikerkonings in die depressiejare van 1930—33 hul verbande afbetaal het toe die Landbank hulle begin kortvat het oor hul skulde. Die gevolgtrekking het gelui dat „selfs in depressiejare daar geld in suiker steek."**

Verdere bewyse van die groot winste wat hierdie monopolie moet lewer blyk uit 'n advertensie van 'n suikerplaas 'n paar weke gelede. Die plaas, wat maar ongeveer 300 morge groot is, word aangebied vir £450,000 — dit wil sê £1,500 per morg!

In 1947 het die Raad van Handel en Nywerheid 'n verslag oor die suikerbedryf uitgebring wat gepaard gegaan het met 'n aanbeveling dat die prys van suiker verminder moet word weens die buitengewoon groot winste van die „suikerbaronne." Die verslag het gemeld dat die gemiddelde winste van dertien „suikerbaronne" sedert 1940 £918,000 per jaar was.

Dwarsdeur daardie jare het hulle bystand van die regering ontvang, en daarom is aanbeveel dat die suikerooreenkoms van 1933 herroep moet word. Volgens hierdie ooreenkoms is suiker teen gesubsidieerde pryse na die buiteland uitgevoer. In 1946 byvoorbeeld, toe die wêreldprys van suiker £46 per ton was, is suiker teen £12 per ton na Engeland uitgevoer, terwyl die Suid-Afrikaanse verbruiker £22 per ton moes betaal.

Nóg die ooreenkoms is opgesê nóg die prys van suiker verlaag. Inteendeel, die prys is 'n paar weke gelede met 1d. per pond verhoog, wat die baronne 'n bykomende wins van £1,450,000 sal besorg.